NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

# AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

## SONDAG 19 APRIL 2026

# DERDE SONDAG VAN PASE

# GEMEENTE DAGBOEK

## GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

***Jan Krielskool en alle leerders met onderrig uitdagings***

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**1 Petrus 2:19-25; Handelinge 2:42-47;**
**Psalm 23; Johannes 10:1-10**

| **SONDAG, 19 APRIL** | |
|---|---|
| 09:00 | Oggenddiens – ds André van Wyk<br>Kleuter- en Kinderkerk<br>Deuroffer ten bate van: Jan Kriel Instituut<br>Erediensspan 3 – Elda van der Merwe<br><br>**Na afloop van die Erediens**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese |
| **MAANDAG, 20 APRIL** | |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| **DINSDAG, 21 APRIL** | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| 19:00 | Fondse kommissie vergadering |
| **WOENSDAG, 22 APRIL** | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 09:30 | Othello Bybelstudie |
| 19:00 | Jeug kommissie vergadering |
| **DONDERDAG, 23 APRIL** | |
| 19:00 | Gemeentebediening en Blokleiers kommissie vergadering |
| **Sopbeurte**: | Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis, Lyta Van Wyk, Jacomina Swart, Surina Viljoen, Marietjie Basson |

| **VRYDAG, 24 APRIL** |
|---|
| |
| **SATERDAG, 25 APRIL** |
| |
| **SONDAG, 26 APRIL** |
| VIERDE SONDAG VAN PASE<br>DANKBAARHEIDSONDAG<br><br>09:00 Oggenddiens<br>Deuroffer ten bate van: Zimbabwe, Malawi & Mosambiek<br>Erediensspan 4 – Robert Rootman<br><br>**GEEN**<br>• Gemeentetee<br>• Senior Kategese<br>• Kleuter- en Kinderkerk |

# GEMEENTENUUS



1. Mark Lewis (Ysterhoutstraat) ondergaan in die komende week 'n operasie.
2. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Altus, Cornél en Simeon Treurnicht van Laaiplek en Oostersee onderskeidelik.
3. Louis en Ina Hurter (Othello) het Vrydag hul 50ste huweliksherdenking gevier.
4. Tillie van Tonder (Magnoliastraat) is tans in die hospitaal.
5. Ewis en Alta Pienaar (Othello) het agter-grootouers geword van 'n tweeling.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



19/04 Lee Penderis, Simeon Allers, Marcelle van Zyl, Erns Du Plessis
21/04 Nicole Snyman, Adriaan Oosthuizen, Gerrit Henstock
22/04 Maartin Oliver
23/04 Isobel Gresse, Ruben Botha, Lizaan Wessels, Raymond Robinson
24/04 Divan du Plooy, Heidi Jonas, Magdaleen Voigt(82), Megan Kennedy, Katerina Steenkamp
25/04 Riëtte Morkel, Mara-Louise Greeff, Louisa Blomerus, Marie Kühn(93), Poppie Olivier, Nadine Steenkamp

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die Sinodale kantoor op Stellenbosch het die volgende vakante pos: PSD: Gemeentebegeleiding. Sien kennisgewingbord vir meer inligting.
2. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het die volgende vakante pos: Verhoudingsleier: Westelike Streek (Hoofkantoor – Wes-Kaap (Bellville).
3. De Eike se Getuienisaksie kommissie is op soek na 'n sekretaresse om tydens die kwartaallikse vergadering die notule te hanteer. Skakel met Louis Huter (0833382003) of die kerkkantoor.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Jan Kriel Instituut (Kuilsrivier)

***Baie dankie dat u vanoggend by die deure bydra tot die Here se werk by Jan Krielskool.***

Jan Krielskool (sedert 1937) is die 3de oudste skool vir "kinders met spesiale onderwysbehoeftes".

Soos met die Dowes en Blindes (die eerste twee) het die Ned Geref Kerk dit begin, ontwikkel en bestuur. Sedert 1998 (nuwe onderwyswet) is die NG Kerk en haar lidmate se betrokkenheid beperk tot befondsing van verdienstelike kinders en projekte in die skool. Die "ekstra" dienste wat die staat en ouers nie kan bekostig of in stand hou nie, word deur gemeentes en individuele donateursvriende gedra. Dit beloop etlike miljoene per jaar, maar die resultate toon dat dit deur en deur die moeite werd is. Jan Krielskool is byvoorbeeld:

- bekroon as die beste "spesiale" skool in Suid Afrika
- bekroon met internasionale "blou plaak" status vir die bydra tot onderwys in Suid Afrika
- die enigste spesiale skool waar leerders met gestremdhede matriek in Afrikaans kan slaag
- uiters suksesvol – met ’n slaagsyfer van 96,3% van Gr R tot Matriek in 2025

Die "En-Gee" Kerk ( ☺) kan dankbaar-trots wees op hierdie baken van die barmhartigheid van Jesus. Indien u meer inligting verlang of ’n persoonlike donasie wil maak, kontak gerus die Jan Kriel Instituut.

021 903-0434 | instituut@jankriel.co.za
Webwerf: https://jankriel.org.za

# KOSMANDJIE

Soos ons almal weet, raak die lewe regtig nou duur. Daarom waardeer ons elke item wat u kan bydra tot ons kosprojek. Die produkte word uitgedeel aan gesinne in ons eie gemeente. Hierdie is ‘n manier om anoniem te help. Baie dankie aan elkeen wat bydra, dit word opreg waardeer.



Die volgende items is tans laag :

| | | |
|---|---|---|
| melkpoeier | kondensmelk | vlapoeier |
| koffie 500g | aanmaak koeldrank 750ml | ontbytgrane |
| koekies | lekkers | koekmeel 1kg |
| bruismeel 500g | droë ertjies / boontjies | soppoeier |
| mince mate | kitspoeding | tamatiepasta |
| sout / peper / speserye | bief- / hoenderekstrak | blikkies tamaties |
| blikkies ertjies | blikkies tuna | kookolie 750ml |
| asyn 750ml | tamatiesous | blatjang |
| mayonnaise | toiletpapier | sjampoo (2 in 1) |
| aanrol – mans / dames | | |
| opwasmiddel | waspoeier | sponsies |

Nogmaals baie dankie vir elke item.

Mandjies vol groete

# BASAAR





Dis weer tyd vir lekker kuier en saam eet!!!

**BASAAR**

**30 Mei 2026**

Teken nou al die datum aan



## Poeding

Wanneer is poeding tyd?

Altyd is poeding tyd.

Wanneer is die beste poeding tyd?

Basaar tyd, natuurlik!

Die bakkies gaan vir julle wag!

Lekker dag
Esther



# KOEKTAFEL



Kom maak n draai, hierdie lekkernye is nie te versmaai!



**Groot koeke**

**Kolwyntjies**

**Terte**

**Quiche**



By voorbaat BAIE DANKIE vir alle skenkings en bereidwillige hande wat kan bak of help by die tafel.

Kontak Elmien Boyes 083 399 3675 vir enige navrae of skenkings

**Sien julle Saterdag 30 Mei 2026**





# Handwerk en Materiaal Tafel



Naaldwerktafel het iets vir almal om te kus en te keur.
Truie om die lyf en wolsokkies en handskoene vir groot en klein,
gebreide popklere asook vir Barbie om 'n kinderhart bly te maak,
materiale teen reuse afslag pryse.
Kwilts en baba doeksakke.



# BASAAR - AKKERBLARE TE KOOP

30 Mei 2026 klink nog vêr, maar voor jy jou oë uitvee, hou De Eike basaar.

Akkerblare gaan vanjaar weer die enigste betaalmiddel op die dag van die basaar wees en is reeds nou te koop by die kerkkantoor.



Jy kan dus jou aankope daarvan versprei oor 'n paar maande.


Betaal kontant of met kaart, of EFT na kerk se rekening:
ABSA BANK – takkode: 632005
Rekening nommer: 3010590069
Verwysing: JOU NAAM + AKKERBLARE
Betalingsbewys na: ngkeike@cybersmart.co.za

Besoek of kontak die kerkkantoor om 'n reëlings te tref.

**Baie dankie aan die groepie lidmate wat ons gehelp het met die voorbereiding van die Akkerblare – dit word opreg waardeer.**

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Oordeel vs Liefde



**Prediker:** Ds André van Wyk

**Skrifgedeelte:** Lukas 7:36-50
Lukas 6:37-42

Jesus is baie reguit en eerlik hieroor - Moenie oordeel nie! Net soos: Moenie steel nie! Maar tog oordeel ons, elkeen van ons, seker elke dag.
Hoekom verwag die Here dat Sy kinders nie moet oordeel nie? En hoe belemmer ons eie oordele Christene se groei in dissipelskap?

